## Dit is 'n jaar later sedert hierdie Kroonpespandemie die wêreld tot stilstand geruk het.

Nie een van ons is onaangeraak deur 'n jaar van isolasie, inperking, en afson--dering nie. Baie in ons Sirkel het Covid-19 gekry en 'n hele paar is oorlede.

Dit is egter die psigografiese afstand wat die grootste impak op ons *almal* het. Vir hulle wat Covid-19 gehad het, of mense in hul gesin, is daar 'n mate van PTSD (post-traumatic stress disorder). Die *onsekerheid* wat met hierdie virus gepaardgaan, het 'n litteken op ons almal gelos. Vir baie was dit egter 'n jaar van spirituele verdieping. Lewensbelangrike vrae is gevra — *wat is essensieel; waar-voor moet ek dankbaar wees; wat het beteke-nis in my lewe; en hoe gaan ons om met ons ewemens?*

**Hier is ons in Paasfees 2021. Die seisoen in die kerklike jaar wat geklee is met purper. 'n Tyd van nabetragting oor wat die dood van Jesus vir ons as Christene beteken. 'n Mens kan weer vir onsself vra, *hoe herdink ons die lyding en dood van Jesus, en hoe herdenk ons ons eie dood en 'opstanding' ?***

**Dit gaan sekerlik tog nie oor die resussitasie van 'n liggaam nie, maar 'n her-lewing en wedergeboorte in gees. Dit lyk vir my die moeite werd om hieroor na te dink.**

DANKIE vir almal se gebede en liefde die laaste ruk waar soveel mense na aan my oorlede is. DANKIE vir almal se ondersteuning met Neo-Spektrum se werk — byname almal se afstandskollektes en -bydraes wat ons help om ons projekte en verantwoordelikhede na te kom. Dit is inderdaad 'n riem onder die hart.



**Liefdegroete uit Tamboerskloof**
**Terblanche**



# OM MINDER TE MAAK

Die meeste van ons moes al een of ander tyd minder maak omdat daar na 'n kleiner woning verskuif word. In die afgelope twee jaar moes ons al al twee keer uit eie keuse minder maak. Ons oudste dogter, Christia, het goeie raad gehad: "Ma, iets wat nie Ma se hart laat sing nie - gooi uit!"

So skryf Marthinus Versfeld dat hy sy ou studeerkamer moes opruim, of wat hy liewer as "mucking out" sou beskryf.




Hy sê sy studeerkamer is soos sy kop: "deurmekaar, te vol van die verlede." Sy vergelyking is veral waar vir die mens in die 21ste eeu: Ons koppe, soos ons huise, is te vol. Behalwe 'n magtige vloed van inligting wat uurliks op ons af-storm, neem die verlede met sy vrag verwyte, skuldgevoelens en verbitterde gedagtes 'n groot ruimte in. Voeg daarby die vrae oor en vrese vir die toekoms wat ook daar rondmaal, en daar is weinig ruimte om bewustelik in die oomblik te leef.

Hierdie kop-opruim-taak behoort gereeld gedoen te word sodat mens daagliks plek en tyd sal hê vir dit wat die nuwe dag inhou. Dan kan elkeen, soos Audrey Blignault dit sê, "met ligter tred deur die lewe gaan".





**Kom ons gaan elke dag tegemoet met 'n ruim gemoed**
**Chrisna Smuts**




## GESPREKSGROEPE

**Die GESPREKSGROEPE sal hervat wanneer Kolping weer toegang in die aand bied. Elke tweede Donderdagaand by Kolping @ 19:30 en elke tweede Maandagaand by Terblanche aan huis in Tamboerskloof @ 19:30. Gaan hervat met Brené Brown se boek 'Rising Strong' en kyk hoe dit gaan en of daarmee aangehou sal word en of daar weer na ACIM teruggegaan sal word.**



# MOOI BLOU BERGE

My Ma, Ouma Joey, het in 'n woonstel in 'n aftree-oord in die Strand gewoon. Sy het die uitsig, soos op die foto, uit haar woonstel gehad. Sy het soos die jare na die ouderdom van 94 aangestap het al hoe slegter gehoor. As ek voorstel dat ons haar gehoor laat toets, was haar antwoord altyd: Kom ons kyk na die pragtige, mooi blou berge.


Ons het die afgelope jaar baie tye beleef wat ons lewenstyl baie beperk het. Inperking met alles wat dit meegebring het, het verskillende implikasies vir ons elkeen meegebring. Daar is steeds spertye in die aand, besighede was gesluit, maskers is steeds verpligtend, konserte kan steeds nie gehou word nie, teaters maak hulle deure toe, sportbyeenkomste sonder toejuigende skares om hulle spanne aan te moedig!! Tog is ons stadig, maar seker besig om aan te pas.

Die nuutste is die fopstories oor inenting. Soos 'n kennis vir my met verontwaardiging vra: Gaan jy jou laat inent (met 'n erge aksent op inent)? Nie vir my nie, oor my dooie liggaam! My antwoord: Inenting kan jou dalk red van 'n dooie liggaam.

Daarmee saam beleef ons land polities die een krisis na die ander; Staatskaping wat deur die Zondo-kommissie ondersoek word, bankrot staatsinstellings wat die belastigbetaler se sak melk, poskantore wat sluit en pos wat nie afgelewer word nie. Op hierdie onderwerp kan 'n mens voortborduur indien jy sou wil.

Ek wil nie vir my blind staar teen al hierdie negatiewe dinge wat ons omring nie; dit is nie nodig nie!! Ek sê baie dankie vir goeie gesondheid, daaglikse voedsel, huisvesting, voertuig, famile, vriende, kennisse, al die elektroniese voordele wat die moderne samelewing vir ons bied en vir Neo-Spektrum. Ek is dankbaar vir die interaksies by Neo-Spektrum en wat vir my bied; dit help my om my gedagtes oor spiritualiteit te verwoord.

Ek besef nou eers ten volle wat my Ma met **"Kom ons kyk na die mooi blou berge"** bedoel het. Ek moedig ook vir julle aan om na die mooi blou berge te kyk as jy vasgevang word deur negatiewe gedagtes of gebeure. Met hierdie gesegde van my Ma het sy ons aangemoedig om die positiewe raak te sien sonder om die negatiewe heeltemal te ingnoreer. Aan die meeste negatiewe dinge in ons wonderlike land kan ek nie veel doen nie; ek kyk egter telkemale na die mooi blou berge.



Geniet die mooi blou berge van die Boland!!!

Edward

# NEO-SPEKTRUM GEDURENDE 2021

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

## UK—VERGADERINGS

- **26 Mei**
- **22 September**
- **3 November**

## JAARVERGADERINGS

- **11 April: Spesiale JV**
- **21 November: Algemene JV**

## AANBIEDINGE

- **8 Mei: Geskiedenis van die Bybel**
  **Ou Testament—Kolping**
- **15 Mei: Geskiedenis van die Bybel**
  **Nuwe Testament—Kolping**
- **Junie: MES Winterhoop**
- **31 Julie: Spiritualiteitskonferensie**
- **6 Augustus: MES Vrouedagete**
- **12 September: Sirkelete**
- **10 Oktober: NS bestaan 10 jaar**
- **November: Huis Jabes - Somerhoop**
- **13 November: Somerfees & Wynveiling**

## BOEKGROEP (ed56chris@gmail.com)

- **Vergader om 19:00 op 1ste Maandagaand van die maand by De Rust 9, Queenstraat 2, Durbanville**
- **Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.**
- **Op 3 Mei 2021 gaan Berdine Wassung die gesprek lei oor "*WREED EN MOOI IS DIE DOOD*".**
- Sy skryf: **Dit sluit verhale in oor verlies, hunkering en heling. Dit is saamgestel deur Tobie Wiese. Al is die dood onafwendbaar, vermy die meeste van ons dit om daaroor te dink of te praat. Hierdie boek probeer hierdie stilte te verbreek, want die dood is nie 'n goeie gesprekspunt nie.**
- **Dit was Woody Allen wat gesê het: "Ek gee nie om om dood te gaan nie. Ek wil net nie by wees wanneer dit gebeur nie."**
- **Met die Covid-pandemie in ons midde is ons met ons eie sterflikheid gekonfronteer. Met hierdie boek hoop die skrywer om 'n gesprek oor die dood aan te wakker en om deur die vertellings van uitmuntende skrywers dit vir die lesers moontlik te maak om gemakliker en meer sinvol met die dood saam te leef.**
- **Indien ons op 'n gesonde manier bewus bly van die dood, verskerp dit ons ervaring van die lewe as kosbaar en kortstondig en daarom moet ons voluit lewe en ons geliefdes koester.**

**Berdine Wassung**

**Edward Smuts: Samesteller**
**ed56chris@gmail.com**

**Chrisna Smuts: Taalversorging**
**chrisna1949@gmail.com**